# KRUISGENOOT

15 Junie 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org


# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Bessie & Hansie Ströh
Annatjie Smuts
Marie Nel
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

| | | |
|---|---|---|
| 15 Junie | - | Monique Van Bosch |
| 16 Junie | - | Cathy Delport |
| 17 Junie | - | Williw Battiss (80) |
| 17 Junie | - | Liza Greyling |
| 17 Junie | - | Marita Louw |
| 18 Junie | - | Japie Cilliers |
| 18 Junie | - | Hennie Venter |
| 20 Junie | - | Louis Breytenbach |
| 20 Junie | - | Gerda Van den Bergh |
| 21 Junie | - | Driaan Britz |




**Spain**: Praise God for the collaboration with the Evangelical Church Cristo Vive in the "Bible and Culture" exhibition. Pray that visitors grow in their understanding of Scripture. Pray for those affected by the Valencia floods and for the Bible distribution project reaching North African migrants travelling between Europe and Morocco.
**France**: Praise God for the partnership between the French Bible Alliance and prison chaplaincies, which has provided 23 000 Bibles to prisoners since 2016. Pray for the ongoing impact of these Bibles and the chaplaincy programmes, that they would bring hope, repentance and transformation to those in prison.
**Portugal**: Pray for our Portuguese Sign Language Bible translation, bringing God's Word to the Deaf in their heart language. Ask for success in translating Genesis, Mark and other key passages, and for lives to be transformed. Pray for wisdom in tackling linguistic and theological challenges, and for financial and technical resources to complete this vital work.

# VERSOENING

DE DE VILLIERS – ecke.co.za

Die begrip versoening dui in die Bybel in die eerste plek op die herstel van die verhouding tussen God en mense (vertikale dimensie). In die Ou Testament word “versoening” gebruik om te verwys na die herstel van die verhouding tussen God en mens deur middel van ’n plaasvervangende offer. Die lewe van die offerdier (gesimboliseer deur sy bloed) dien as plaasvervanger om die skuld van die sondaar weg te neem (vgl Lev 1:4, 4:2; Eks 29:33; 1 Sam 3:14 en Jes 6:7). In die Nuwe Testament is “versoening” een van die begrippe om te verduidelik hoe Christus die mensdom verlos het. Hy is die “offer wat deur sy bloed versoening bewerk het” (Rom 3:25, vgl ook 2 Kor 5:18; 1 Joh 2:2). Volgens Hebreërs is Hy die volmaakte Hoëpriester wat Homself gegee het om die sondes van die mensdom te versoen (Heb 2:17; 7:28). Die versoening het egter ook ’n horisontale dimensie deurdat die versoening wat Christus bewerk het, ook die onderlinge vyandskap tussen mense en groepe wegneem, bv tussen die Jode en die heidene in die kerk (Ef 2:14-16). In die breedste sin van die woord sluit dit die hele kosmos in (Kol 1:20). Dit neem egter nie die verantwoordelikheid van gelowiges weg om bedienaars van die boodskap van versoening te wees (2 Kor 5:18), eenheid in die kerk te bevorder (Ef 4:1-3), die herstel van gebroke verhoudinge aktief na te strewe (Matt 5:21-25) en harmonie in die skepping te bevorder nie.

In die kerkgeskiedenis het verskeie klassieke teorieë oor die versoening tussen God en mens ontwikkel. Anselmus se sogenaamde objektiewe versoeningsteorie beklemtoon God se inisiatief in die versoeningsproses. Mense staan skuldig voor God. Christus sterf aan die kruis in ons plek, en bewerk sodoende die kwytskelding van ons skuld, asook ons versoening met God. Abelardus se subjektiewe versoeningsleer dui aan hoe God se liefde vir ons wederliefde in ons opwek, wat die weg open vir versoening met God (2 Kor 5:11-21). Irenaeus se versoeningsleer verkondig dat Christus die bose magte oorwin, mense daarvan bevry en so versoening met God bewerkstellig. Uiteenlopende beskouinge oor wat die horisontale implikasies vir die versoening tussen mense van die versoening tussen God en mens is, het ook ontwikkel. Die heersende klassieke beskouing is dat die versoening in Christus betrekking het op die direkte persoonlike verhouding tussen die gelowige en God, mede-gelowiges en ander medemense. In aansluiting by wat veral Paulus oor die versoening leer, word die persoonlike verantwoordelikheid van gelowiges beklemtoon om mekaar, maar ook nie-gelowiges, te vergewe vir die kwaad wat hulle aangedoen is en versoening op die vlak van persoonlike verhoudinge na te strewe. Die versoening het egter geen implikasies vir hoe in die samelewing teenoor misdadigers opgetree word nie. In die samelewing moet wet en orde gehandhaaf word en oortreders gestraf word vir hulle misdrywe. ’n Tweede beskouing vind aansluiting by Luk 4:14-21 wat leer dat Jesus die koms van God se koninkryk as die intrede van God se jubeljaar wat vryheid vir die gevangenes, verligting vir armes en genesing van siekes bring, aangekondig het. Volgens hierdie beskouing is God se versoening met die wêreld in Christus geldig vir alle dimensies van die lewe. Of straf opgelê moet word, word bepaal deur ’n versigtige oorweging van hoe versoening en genesing die beste bevorder kan word in die lewe van sowel die oortreder as die slagoffer.


Gelukkige
VADERSDAG
15 Junie 2025


GENESIS
Bybelstudie
Woensdag 09:00


Word deel van die gebedsspan!
Kontak Maggie – 082 652 9260
'N KERK WAT BID
Jakobus 5:13-20


TYDENS EREDIENS
kinderkerk


Koffie en Tee
In die saal na die diens